| Centre Number | Candidate Number | Candidate Name |
|---|---|---|
| | | |

**NAMIBIA SENIOR SECONDARY CERTIFICATE**

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE ORDINARY LEVEL** **4115/2**

PAPER 2 Reading and Directed Writing (Extended) 2 hours 30 minutes

Marks 90 **2019**

No Additional Materials are required.

## INSTRUCTIONS AND INFORMATION FOR CANDIDATES

- Candidates answer on the Question Paper in the spaces provided.
- Write your Centre Number, Candidate Number and Name in the spaces at the top of this page.
- Write in dark blue or black pen.
- Do not use correction fluid.
- Do not write in the margin *For Examiner's Use*.
- Answer **all** questions.
- The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING VIR KANDIDATE

- Kandidate antwoord op die vraestel in die spasies wat voorsien is.
- Skryf jou Sentrumnommer, Kandidaatnommer en Naam in die spasies bo-aan hierdie bladsy.
- Skryf met 'n donkerblou of swart pen.
- Moenie vloeibare uitwisser gebruik nie.
- Moenie in die kantlyn For *Examiner's Use* skryf nie.
- Beantwoord **alle** vrae.
- Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van 'n vraag gegee.

| For Examiner's Use | | |
|---|---|---|
| **Afdeling 1** | Oefening 1 | |
| | Oefening 2 | |
| | Oefening 3 | |
| **Afdeling 2** | Oefening 1 | |
| | Oefening 2 | |
| | Oefening 3 | |
| **Afdeling 3** | Oefening 1 | |
| | Oefening 2 | |
| | Oefening 3 | |
| | **Totaal** | |

| | |
|---|---|
| *Marker* | |
| *Checker* | |

ORDINARY LEVEL EXTENDED

This document consists of **19** printed pages and **1** blank page.

**Republic of Namibia**

**MINISTRY OF EDUCATION, ARTS AND CULTURE**

## AFDELING 1

**Oefening 1: Vrae 1 – 7**

Lees die volgende artikel en beantwoord die vrae wat volg.

### Kat op 'n tak: Die tierkat is die klimkampioen van die reënwoud …

Die tierkat is een van die wêreld se mooiste en geheimsinnigste gevlekte katte. Hierdie vlekke kamoefleer hom in die woud as hy van lig na skaduwee beweeg. Tierkatte kom voor in die reënwoude van Noord-, Sentraal- en Suid-Amerika. Dié dier is die meeste van die tyd in bome waar hy eet, slaap of jag.

Tierkatte is perfek aangepas vir hulle "boomhuislewe". Hulle kan tot 10 meter hoog klim in bome. Hul enkels kan 180° draai sodat hulle vinnig kan draai en vastrap terwyl hulle boom klim. Hierdie enkels help ook dat hulle kop eerste kan afklim teen 'n boom se stam. Hulle pote is groot en sag en ook aangepas vir die boomklim, want die tone en kloue is baie buigsaam en help dat hulle die takke kan vasgryp. Hulle kan meer as 3 m ver spring van een boom na 'n ander.

Hulle is nie veel groter as huiskatte nie. Hulle klein liggaamsbou en harige sterte, van 43 sentimeter, help hulle om balans te hou wanneer hulle vinnig op die takke beweeg as hulle jag. Die tierkatte is alleenlopers wat meestal snags bedrywig is. Hulle kan baie goed in die donker sien.

Hulle jag hoofsaaklik slange, voëls, knaagdiere en soms klein apies. Dit het al gebeur dat hul apies se geluide nagemaak het, om hul nader te roep. Daarom word hulle ook koggelkatte genoem.

Die tierkat word bedreig deur diewe wat dié katte vang en as eksotiese troeteldiere verkoop. Hulle word ook vir hulle mooi pelse geskiet. 'n Ander probleem is die uitkapping van die bome in die woud vir landbougrond en ander doeleindes. Op hierdie manier word hierdie diere se habitat uitgeroei, want hulle kan nêrens anders oorleef nie. Gevolglik bly hul net in die bome. Hulle beweeg nie oor die oopgekapte gebiede nie.

*(Verkort en verwerk uit: National Geographic Kids, November 2017)*

*For Examiner's Use*

**1** Waarom is dit moeilik om die tierkat in die bos raak te sien?

.................................................................................................................. [1]

**2** Noem **een** gebied waar hierdie diertjie voorkom.

.................................................................................................................. [1]

**3** Noem **twee** maniere waarop 'n tierkat se buigsame enkels hom help.

..................................................................................................................

.................................................................................................................. [2]

**4** Op watter manier is die tierkat se pote aangepas vir sy "boomlewe"?

.................................................................................................................. [1]

**5** Watter belangrike rol speel die tierkat se stert wanneer hy jag?

.................................................................................................................. [1]

**6** Hoekom sien 'n mens nie sommer 'n tierkat gedurende die dag nie?

.................................................................................................................. [1]

**7** Noem **twee** redes waarom die tierkat in gevaar is.

..................................................................................................................

.................................................................................................................. [2]

**[9]**

**Oefening 2: Vrae 8 – 12**

Lees die volgende artikel oor die Waterbergplato en beantwoord die vrae vat volg.

**Die Waterberg – die poort tot die noorde**

Die Waterberg is Namibië se eie Tafelberg, met 'n heelwat groter "tafel" as sy bekende suster in Kaapstad in Suid-Afrika. Die berg is 50 km lank, tot 16 km breed en die plato styg tot 200 m bo die Omahekevlakte.

Die naam is afkomstig van die groot aantal fonteine wat in die berg ontspring. Die Herero's noem dit ook "Mamma" omdat die Waterberg nog altyd 'n voorsiener van kos, water en skuiling was.

Die Waterbergplato-nasionale park is in 1972 geopen en het 'n trotse bewaringsgeskiedenis. As jy op 'n wildrit in die park gaan, kan jy diere soos elande, tsesebes, swartrenosters, buffels en selfs luiperds sien. Vir voëlkykers is hier ook meer as 200 spesies om te geniet.

Maar dis veral die Waterbergplato se spesiale atmosfeer wat dit so besonders maak. Die rooi sandsteenkranse wat met sononder verkleur, is 'n gesig wat jy lank sal onthou. Daar groei bome soos karee, hardekool en blinkblaar-wag-'n-bietjie. As jy op 'n begeleide staptoer gaan, kan jy versteende duine, 'n dinosourusspoor en rotskuns sien.

In die vroeë 1900's het die bloed gevloei toe die Duitsers en Herero-krygers hier geveg het. Die Herero's moes hulle geliefde Waterberg as gevolg van die konflik verlaat.

Die Waterberg is 'n sentrale plek in die noorde. Kampeer 'n paar nagte hier en ry dan na Grootfontein (slegs 160 km weg), Outjo (ook 160 km) of die Etosha-nasionale park (385 km) wat ook interessante plekke is om te besoek.

*(Weg Namibië, 2013)*

For Examiner's Use

**8** Hoekom is die Hereronaam "Mamma" ’n gepaste naam vir die Waterberg?

.......................................................................................................................... [1]

**9** Is die Waterberg net interessant vir mense wat diere wil sien? Gee ’n rede vir jou antwoord.

.......................................................................................................................... [1]

**10** Watter bewys is daar wanneer ’n mens op ’n begeleide toer gaan dat die omgewing baie oud is?

.......................................................................................................................... [1]

**11** Waarom moes die Herero’s die Waterberg in die 1900's verlaat?

.......................................................................................................................... [1]

**12** Verduidelik waarom die teks ’n doeltreffende titel het.

.......................................................................................................................... [2]

**[6]**

**Oefening 3: Vrae 13 – 17**

Lees die volgende artikel en beantwoord die vrae wat volg.

**Hawens vir pikkies**

Kathy Schultz help sentrums stig waar weeskinders en kinders, wie se behoeftige ouers nie bedags na hulle kan omsien nie, versorg word.

As skoolkind was Kathy mal oor die lewe op die platteland. Toe sy dit later vir die stadslewe verruil, het sy besef dat die platteland ook baie probleme het. Sy het gevind dat baie van die kinders in arm gemeenskappe nie eens ouers het nie.

Sy sê dat ouer kinders bedags na die staatskole toe gaan. Daar kry hulle kos, sorg en onderrig. Die kleintjies van onder ses jaar oud het nêrens om heen te gaan nie.

In 2009 het Kathy besluit om self moue op te rol en ŉ niewinsgewende organisasie, met die naam, *Caring for Orphans in Rural Areas* (Cora) gestig. Al dui die naam op weeskinders, sê sy die organisasie sien om na alle voorskoolse kinders wie se ouers nie bedags na hulle kan omsien nie.

Kathy het die organisasie aanvanklik deeltyds bestuur, maar gou besef sy wil haar heeltyds daaraan wy. Deur Cora help Kathy dagsentrums op die platteland oprig. Kinders van tussen twee en vyf jaar kan bedags van 07:30 tot 15:00 gratis daarheen gaan. Hier kry hulle kos, versorging en basiese voorskoolse onderrig.

Kathy het begin met net een informele, klein sorgsentrum. Hier het vrywilligers uit die gemeenskap bedags na jong kinders gekyk. Sy het haar eie sak geskud om dit op die been te bring, maar het daarna geld ingesamel om ŉ behoorlike gebou op te rig, die vroue op te lei wat na die kinders omsien en om vir die kinders te kan kos gee. Groentetuine is ook by die sentrums aangelê. ŉ Kind kan self ŉ wortel in hul tuin uit die grond trek en eet.

Kathy het reeds vier informele sorgsentrums help ontwikkel. Die kinders word basiese syfer- en lettervaardighede geleer. Hulle speel met opvoedkundige speelgoed wat hulle vaardighede ontwikkel. Hulle word ook basiese higiëne aangeleer. Daar is minder aansteeklike siektes onder die kinders vandat hulle geleer word om hande te was en hoe om hulself te versorg. By elke sentrum word sowat 40 kinders versorg, maar hul getalle groei daagliks. "Dit is verblydend, maar ook ŉ uitdaging omdat ons hulpbronne nie noodwendig meer raak namate die kinders meer raak nie."

Kathy sê groot firmas is dikwels bereid om te help en beskou dit as deel van hul gemeenskapsbetrokkenheid. Maar omdat Cora net soms hulp ontvang, beleef die organisasie soms geldelike "droogtes". Hulle word onder meer deur ŉ groot landswye supermark geborg, wat kos vir die kinders voorsien, en ŉ internasionale speelgoedvervaardiger.

Gelukkig is die projek nou so suksesvol dat die departement van maatskaplike ontwikkeling reeds drie sentrums by haar oorgeneem het. Hulle is nou as staatsentrums geregistreer.

Dit beteken nie hierdie ywerige planmaker gaan nou agteroor sit nie. "Ek hoop om ŉ sorgsentrum op elke plattelandse dorpie te stig en hulle almal te help groei tot waar die regering hulle onder hul vlerk kan neem," sê Kathy.

*(Verwerk uit: Huisgenoot, 19 Maart 2015)*

For Examiner's Use

**13** Wat verstaan jy onder die titel van die leesstuk?

.......................................................................................................................... [1]

**14** Watter **twee** probleme het baie kinders op die platteland?

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

.......................................................................................................................... [2]

**15** Wie het vir Kathy gehelp by haar eerste sorgsentrum?

.......................................................................................................................... [1]

**16** Waarom is dit goed vir die kinders om groentetuine te hê?

..........................................................................................................................

.......................................................................................................................... [1]

**17** Beskryf **twee** eienskappe van Kathy wat in paragraaf 10 duidelik is.

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

.......................................................................................................................... [2]

**[7]**

## AFDELING 2

**Oefening 1: Vrae 18 – 24**

Voer die gedragte op die volgende bladsy uit wat op hierdie teks gebaseer is.

### Wat is die ideale drankie?

**1** Doodgewone water – eerder as kragkola of die jongste smaaksensasie – bly maar die beste manier om jou dors te les en jou die nodige vloeistof te gee, sê die Voedingsinligtingsburo (Nicus).

**2** ŉ Amerikaanse paneel wat onlangs die **(18) voor- en nadele** van verfrissende drankies teen mekaar opgeweeg het, het bevestig: Water is die wenner. **(19) "Water is die beste vir jou daaglikse vloeistofinname," sê Nicus**. "Dit verskaf geen bykomende energie nie, wat dit die perfekte drankie maak vir elke oorgewig- of onaktiewe volwassene. **(20) Water verskaf kalsium, magnesium en fluoried**.

**3** Daar is tot die verrassende gevolgtrekking gekom dat dit beter is om ŉ koppie koffie te drink (sonder suiker en volroommelk, natuurlik) as ŉ glas lemoensap. Dit het te doen met hoeveel kilojoules wat dit bevat.

**4** Op sy eie het koffie geen kilojoules nie en is dit propvol antioksidante. **(21) Lemoensap is ŉ goeie bron van vitamiene. Jy moet versigtig wees hoeveel jy daarvan drink**, weens die hoë energie-inhoud.

**5** **(22) ŉ Dieetkundige sê "Hoe soeter die drankie hoe meer kilojoules is daarin."** Alkohol sal ook jou kilojoule-inname laat styg. "Op sy eie is daar sowat 29 kJ per gram in alkohol. Hoe sterker die drankie, hoe hoër sal die kilojoule-telling dus wees," sê Irene Labuschagne, ŉ dieetkundige van Nicus.

**6** Dis eintlik heel **(23) eenvoudig**. As jy net gewone, onversoete water en ander drankies met min kilojoues drink, kan jy jou af en toe bederf met ŉ stukkie sjokolade. Geniet drankies wat meer water en minder suiker en alkohol bevat en jou gewig sowel as jou gesondheid sal daarby baat. Indien jy die getal kilojoules vir drankies beperk tot ŉ daaglikse inname van 1 000 kJ kan jy tussen 0,5 en 1 kg per week verloor. **(24) Gewone water het nog baie geheime**.

*(Huisgenoot Pols, Herfs 2009)*

For Examiner's Use

**18** Herskryf "voor- en nadele" in paragraaf 2 sonder die koppelteken.

.......................................................................................................................... [1]

**19** Skryf die sin **(19)** in paragraaf 2 oor in die **indirekte rede**.

.......................................................................................................................... [1]

**20** Skryf die sin **(20)** in paragraaf 2 oor in die **lydende vorm**.

.......................................................................................................................... [1]

**21** Verbind die vetgedrukte dele van die **twee** sinne in paragraaf 4 met die **voegwoord** "gevolglik".

.......................................................................................................................... [2]

**22** Herskryf die vetgedrukte gedeelte in paragraaf 5 en vul die ontbrekende leestekens in.

.......................................................................................................................... [2]

**23** Gee die i**ntensiewe vorm** van "eenvoudig" (paragraaf 6).

.......................................................................................................................... [1]


**24** Skryf die sin in paragraaf 6 in die **ontkennnende vorm**.

.......................................................................................................................... [2]

**[10]**

## Oefening 2: Vrae 25 – 32

Lees die advertensie en beantwoord dan Vrae 25 - 32.




Die mooi kusdorp Hermanus is waarskynlik die beste walviskykbestemming in die wêreld. Kom kamp saam met *Weg* by die jaarlikse Walvisfees en kyk hoe baljaar die suidelike noorkappers!



Bring jou vriende vir 'n kampnaweek van walviskyk en ontspanning. Julle bly in luukse tente en ons sorg vir alles.

Jy kan uitsien na smaaklike etes, eksklusiewe uitstappies in en om Hermanus, asook al die pret en aktiwiteite van die gewilde Walvisfees.

WANNEER?

28 September-1 Oktober 2017

HOEVEEL KOS DIT?

R1 250 p.p.p.n (wat deel)
R1 650 p.p.p.n. (enkel).
Minimum bespreking; 3 nagte. Kinders jonger as tien kry afslag. Jy moet vir ten minste twee nagte betaal; inkloktyd is 2nm. en uitkloktyd is 10 vm.

WAT SLUIT DIT ALLES IN?


- Verblyf in 'n luukse tent (tent sluit 'n en suite-buitestort met chemiese spoeltoilet in). Beddens, linne en handdoeke is ingesluit.
- Ontbyt in 'n safari-tent elke oggend
- Aandete die Donderdagaand in 'n safari-tent

WAT MOET EK SAAMBRING?

- Warm klere en stapskoene vir veldstaproetes. Peuselhappies en drankies.
- Fietse

OPSIONELE UITSTAPPIES

- Haaihokduik
- Walviskyk en 'n vliegtuigtoer
- Spa-pakkette
- Walviskyk-bootvaarte
- Begeleide vierwielmotorfiets-toere
- Bootvaart op die Hermanus-strandmeer
- Stranduitstappie; begeleide veldstap





BESPREEK NOU!

JA, EK WIL GAAN! Om plek te bespreek, kontak ✆ 082 5758499 of
info@adventuresinafrica.co.co

ADVENTURES in Africa

For Examiner's Use

**25** Watter **twee** tegnieke word gebruik om die leser se aandag te trek.

.......................................................................................................... [2]

**26** Wat is die hoofdoel van hierdie advertensie?

.......................................................................................................... [1]

**27** Watter voordeel is daar vir kinders jonger as 10 jaar?

.......................................................................................................... [1]

**28** Hoekom sou ’n Donderdagaand so spesiaal wees tydens die fees?

.......................................................................................................... [1]

**29** Wat is die belangrikste item wat ’n mens moet hê vir die staproetes?

.......................................................................................................... [1]

**30** Watter ander seedier, behalwe walvisse, kan jy op die uitstappies sien?

.......................................................................................................... [1]

**31** In watter opsig is Hermanus uniek?

.......................................................................................................... [2]

**32** Wie is die adverteerder?

.......................................................................................................... [1]

**[10]**

**Oefening 3: Vraag 33**

Lees die onderstaande artikel en maak 'n opsomming van die **metode hoe tradisionele kleipotte** gemaak word. Skryf jou antwoord in **een** paragraaf van **80 - 100** woorde. Gebruik sover moontlik jou eie woorde.

**Kleipotte uit die Oshana-vlaktes**

"Ek is gelukkig dat ek steeds 'n lewe kan maak − hoe min dit ook mag wees − uit 'n werk wat my ouma my ma geleer en ook aan my oorgedra het," sê me. Lydia Amutenya oor haar tradisionele kleipotte wat sy elke dag maak en verkoop.

Amutenya woon saam met haar familie in 'n tradisionele tuiste, sowat 11 km noord van Oshakati langs die MR111 op pad na Okahao op 'n lappie grond waar meestal mahangu geplant word. Sy maak sedert 2004 haar kleipotte op die tradisionele manier en alles wat sy daarvoor benodig, kom uit die omgewing.

Emmersvol grond van die sanderige Oshana-vlakte, ongeveer 'n kilometer van die huis, word daagliks geoes en per voet na die huis gedra.

Amutenya stamp die grond buite die huis tot 'n poeier en meng dit met water. Daarna sit sy dit in verskillende vorms. In hierdie stadium is die klei pikswart.

Nadat die klei in die skottels gevorm is, word dit vir twee weke in 'n groot gat in die grond gesit om uit te droog. Dié gat word met die hand in die sagte sand gegrawe. Die grond hou die klei koel en klam selfs as dit buite warm is. Amutenya bedek die gat met riete en lappe om dit teen die elemente te beskerm.

Ná twee weke haal Amutenya die kleipotte uit die gat uit. Sy brand die potte vir 'n dag lank op 'n oop vuur wat met beesmis gemaak word. Daarna word die potte allerhande kleure geverf voordat dit vir die mark gereed is.

Gewoonlik verkoop Amutenya haar kleipotte reg langs die hoofweg, maar sy neem dit soms ook na die mark in Oshakati.

Sy sê sy maak elke dag van die week drie kleipotte.

"Daar is nie regtig veel geld uit hierdie besigheid te maak nie, maar ek wens ek kon my kennis aan jongmense oordra. Ongelukkig is daar nie veel belangstelling nie. Wie weet, miskien sal niemand oor 'n paar jaar meer onthou hoe om die kleipotte op die tradisionele manier te maak nie," sê sy.

*(Republikein, 18 Augustus 2015)*

For Examiner's Use

**Opsomming**

............................................................................................................................

............................................................................................................................

............................................................................................................................

............................................................................................................................

............................................................................................................................

............................................................................................................................

............................................................................................................................

............................................................................................................................

............................................................................................................................

............................................................................................................................

............................................................................................................................

............................................................................................................................

............................................................................................................................

............................................................................................................................

............................................................................................................................

............................................................................................................................

............................................................................................................................

............................................................................................................................

............................................................................................................................

............................................................................................................................

............................................................................................................................

............................................................................................................................

............................................................................................................................

............................................................................................................................

............................................................................................................................

............................................................................................................................

............................................................................................................................

**Aantal woorde ..................**

**[10]**

## AFDELING 3

**Oefening 1: Vraag 34**

Een van jou goeie maats kla dikwels by jou oor haar/sy ouers en hoe hulle jou maat nie soos 'n verantwoordelike mens behandel nie. Jy ken jou maat goed en weet dat die probleem nie net by haar/sy ouers lê nie.

Skryf 'n brief van ongeveer **150** woorde waarin jy jou maat raad gee oor hoe om die verhouding met haar/sy ouers te verbeter.









For Examiner's Use

..........................................................................................................................................

**Aantal woorde ............**

**[10]**

**Oefening 2: Vraag 35**

Jy is besig met jou laaste skooleksamen en binnekort moet jy vir jou maats en onderwysers totsiens sê.

Skryf jou gedagtes en gevoelens neer in ’n dagboekinskrywing van ongeveer **150** woorde.









For Examiner's Use

Aantal woorde ............

**[12]**



**[Turn over**

**Oefening 3: Vraag 36**

Vir sommige tieners in die een-en-twintigste eeu het tegnologie belangriker as vriende geword.

Skryf 'n opstel van ongeveer **200** woorde met die opskrif:

**Kan tegnologie vriendskap vervang?**

*For Examiner's Use*

..................................................................................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

..................................................................................................................

**Aantal woorde ............**

**[16]**

**BLANK PAGE**